

Ds. A. W. C. Bester  
Lambertsbaai  
15 Februarie 1998

Onderwerp: Die erns vandag met die oog op die  
Ewigheid

Lees: Lukas 13 verse 22 tot 30

Teks: Lukas 13 verse 23 en 24

Sing: Psalm 33 verse 1 en 2  
Gesang 230 vers 2  
Gesang 232 verse 1, 3 en 5

“Toe sê iemand vir Hom: ‘Here, is die wat gered word, min?’ En Hy antwoord hulle: ‘Stry hard om in te gaan deur die nou poort, want baie, sê ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal nie in staat wees nie.’

“Broers en Suster, die bevel, ‘stry hard om in te gaan deur die nou poort’, is nie gerig tot die Romeinse heersers of die heidene nie. Nee, hierdie bevel is gerig aan mense wat van die Koninkryk van God geweet het; mense wat Jesus gevolg het op die pad na Jerusalem. Dit is ’n bevel vir mense soos jy en ek.

“Meermale het Jesus gepraat van ’n deur. Só byvoorbeeld sê Hy in sy Bergrede in Matthéüs 7 verse 13 en 14: ‘Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.’

“U sien, die Here Jesus stel die toekoms of Ewigheid voor as ’n ommuurde stad met twee kante: ’n goeie en ’n slegte kant - elkeen met sy eie deur.

“Die groot breë poort verleen toegang tot die slegte deel van die stad - die verderwing. En dit is maklik om dit te vind.

“Die ander deur verleen toegang tot die goeie deel van die stad, die Koninkryk van die Hemele - die goeie deel van die stad. Dié deur is smal en moeilik om te vind.

“En Broers en Susters, hierdie beeldspraak van ’n poort of ’n deur maak Jesus op Homself van toepassing in die gelykenis van die Goeie Herder in Johannes 10 verse 7 tot 9: ‘Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, Ek is die deur van die skape. Almal wat voor My gekom het, is diewe en rowers; maar die skape

het nie na hulle geluister nie. Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind.’

“Dit, Broers en Susters, is die kern van die Evangelie. Só het Jesus van stad tot stad geleer. Hy en Hy alleen is die poort na die Koninkryk van God. ’n Mens kan dus net die Koninkryk van God binnegaan deur jou geloof in Jesus Christus as jou Saligmaker.

“Jesus verleen toegang tot die goeie deel van die stad. Dit is die ápel van sy prediking: as iemand deur My ingaan, sal hy alles vind wat hy geestelik nodig het. So iemand sal gered word.

“Nadat Hy dit gesê het, het iemand onder die skare (sy naam word nie genoem nie) na die ‘deur’ en na dié wat deur Jesus ingaan, gekyk en gevra: ‘Here, is die wat gered word, min?’ (Luk 13:23)

“Broers en Susters, die vraag kom nie van ’n vyand nie, maar van iemand wat hoor wat Jesus sê en belangstel in daardie toekoms in die goeie deel van die stad.

“As Jesus die Deur is en as elkeen wat deur Hom ingaan, gered word, dan is die vraag: ‘Here, is die wat gered word, min?’ Here hoeveel is hulle? Die passiewe uitdrukking van ‘gered word’ wys dat die man weet dat God hulle moet red. Hy weet God se genade moet hierdie smal deur vir die mens oopmaak.

“Miskien wou die man uit nuuskierigheid weet.

“Hy was in alle waarskynlikheid ’n Jood en daarom wou hy dalk weet of nét die Jode, die kinders van Abraham, gered word? Sal hulle daarom min wees? Hy wou dalk iets agterkom van die toekoms van Israel. Sal dit maar ’n klein volkie wees en bly?

“Heel waarskynlik het hierdie man gedink aan die nou poort wat die Fariseërs aan die mense voorgehou het. Die Fariseërs het geleer dat net die mense wat hulle heiligheid op die moeilike pad van die wet van Moses, met selfverloëning en goeie werke verdien het, gered sal word. Hulle het die volk gekasty met die nakom van letterlik honderde reëls en regulasies wat nagekom moes word; en só het hulle die volk se toekoms verydel.

“Dit mag selfs wees dat die vraesteller een van die Joodse skrifgeleerdes of wetgeleerdes was en baie seker was dat hyself op die nou paadjie van die Fariseërs is; en nou wou hy weet of hulle, die room van Israel, baie of min is. Here, is dié elite groep klein of groot?

“Broers en Susters, Jesus het dikwels gesê: ‘... baie is geroep, maar min uitverkies.’ Die vraag na die ‘baie’ of ‘min’ het dus te doen met God se uitverkiesing en die mens het mos maar baie vrae oor God se werk.

“Daardie ‘min’ van God kan tog so irriterend wees vir ons mense wat graag in terme van ‘baie’ en van ‘meerderhede’ dink!

“Wat maak jy met daardie ‘min’ teenoor die miljoene heidene in ons land en oor die ganse wêreld? Hoe kan ‘n mens hierdie ‘min’ aanvaar teenoor die miljoene Mohammedane, of miljoene Jode, of die duisende blanke heidene in ons land. Ons is nie met min tevrede nie, daarom moet God, volgens ons, ‘n ander plan maak om die deur groot oop te kry. Byvoorbeeld, kan elkeen nie maar op sy eie geloof salig word nie?

“Wat maak ‘n mens met die ‘min’ in ‘n tyd waarin die moderne modes heers en dikteer en sedes afbreek; en waarin die mens bang is om alleen te staan en uitgesluit te wees?

“Wat maak ‘n mens met die ‘min’ in ‘n wêreld wat dink en praat en doen in terme van groot eenhede, ekumenisme, internasionalisme, die ganse een groot mensdom?

“Broers en Susters, die mens van die twintigste eeu is so bang om ‘min’ te wees, daarom moet alles permissief wees en moet daar maar toegegee word om tog net nie uitgesluit te wees nie.

“Moet ons nou werklik aanvaar dat die Koninryk van God ‘n klein minderheid is?

“U sien, Broers en Susters, die vrae van die moderne mens pas dus net so lekker in die mond van die ‘iemand’, die onbekende vraesteller, van byna twintig eeue gelede.

“Paulus moes met die Romeine ook redeneer oor God se uitverkiesing, want die mens wil dat God Hom asseblief ‘n bietjie gunstiger sal verklaar, veral oor die ‘min’ en die ‘baie’. God moet asseblief ‘n bietjie rekenskap kom gee.

“Paulus sê ondubbelsinnig aan die Romeine met betrekking tot God: ‘Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm. So hang dit dan nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is. Want die Skrif sê aan Farao: Juis hiervoor het Ek jou laat optree, dat Ek in jou my krag kan toon en dat my Naam verkondig kan word op die hele aarde. So is Hy dan barmhartig oor wie Hy wil en

Hy verhard wie Hy wil. Jy sal dan vir my sê: Waarom verwyf Hy dan nog, want wie het sy wil weerstaan? Maar tog, o mens, wie is jy wat teen God antwoord? Die maaksel kan tog nie vir die maker sê: Waarom het u my so gemaak nie? Of het die pottebakker nie mag oor die klei, om uit dieselfde klomp die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer te maak nie? (Rom 9:15-21)

“Broers en Susters, dit is egter net so moontlik dat hierdie vraag gekom het van iemand wat werklik ’n dissipel van Jesus wou wees en wat opreg bekommerd was oor die vraag: Is ek daarby ingereken?

Broers en Susters, dié man en u en ek is op pad. Die toekoms en die Ewigheid lê voor ons soos ’n ommuurde stad. Ons staan van aangesig tot aangesig voor hierdie muur.

“Hoe sal dit eendag wees?

“Totius het verwys na die bekommernisse wat mense het oor hulle kinders, ouers, bure, vriende, gemeente en volk. Sal hulle eendag ook daar wees? Sal hulle kan ingaan? Ja, elke weldenkende mens hou hom besig met die toekoms.

“En Broers en Susters, die gelowige moet dink aan die toekoms. Die profesië van God waarsku juis die gerustes in Sion en die sorgeloses op die berg Samaria.

“’n Mens moet nie dink dat alles sal regkom op die weg van die Fariseërs se werkheiligheid nie; óf met die hedendaagse gedobbel met die toekoms; óf met ’n Christen-vernislage; óf met godsdienstige pligpleging - net nou en dan in die kerk, nie.

“Gaan dit so maklik as wat dit hier om ons lyk? Kan ’n mens maar so aanjaag en ligvoets deur die lewe dans en alles op God se rekening plaas?

“Here, is die wat gered word, maar min? Hoeveel sal die Hemel bereik?

“Dan antwoord Jesus!

“Voor ons die antwoord in vers 24 lees, moet u mooi oplet: Jesus ignoreer die vraag oor die hoeveelheid. Die mees opvallendste is, die man het ’n vraag oor die toekoms gevra, maar Jesus se antwoord het alles met vandag en elke lewendag te doen:

“‘Stry hard om in te gaan deur die nou poort, want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal nie in staat wees nie.’

“Die bevel om te stry, geld vir elke mens wat bekommerd is oor die toekoms! Jy moet vandag stry

om van môre seker te maak. So hardloop die atleet nou hard op die baan om vorentoe die prys te behaal. Ons moet ons vandag inspan met die oog op die voordeel, wat ons eers later daaruit sal trek. Die Bybel gebruik daarom telkens die beeld van 'n sportman om ons die pad van die geloof duidelik oop te kap. Die sportman het afrigting, oefening en volharding nodig. Vir die Filippense sê Paulus: '... werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.' (Fil 2:12,13)

"Hierdie stryd het verskeie fasette. Romeine 12 vers 1 roep ons op tot die stryd met ons eie liggaam wat aan God geoffer moet word: '... dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer ...'

"2 Korinthiërs 3 vers 18: ons, wie se beeld deur die sonde vermink is, moet verander word na die beeld van Jesus Christus.

Galásiërs 2 vers 19: Jesus Christus moet in ons leef. Die gesindheid van Jesus moet ons lewe beheer.

Filippense 2 wys dat ons onberispelik en opreg moet wees as kinders van God.

"Broers en Susters, daar is dus na binne, maar ook na buite, te stry. Laat ons maar eers voor ons eie deur vee. (Maak eers seker dat jy self onskuldig is, voordat jy iemand anders kritiseer.)

"En nou, die vraag na die 'baie' of 'min' van die Uitverkiesing. Jesus antwoord dat elke mens se lewe in die teenwoordige tyd, in die NOU en HIER beslis word. Die werk wat God in die ewigheid doen (sy uitverkiesing) word vandag, hier en nou, gesien. Jou lewe van vandag beantwoord die vrae oor môre!

"Geloofswerk beteken dat elke daad van my gedoen moet word met die blik op die toekoms in die Koninkryk van God. Daarheen, Broers en Susters, is ons strydende op pad.

"Daarom sê Jesus, stry hard om in te gaan deur die nou poort. Die boer moet vandag hard werk; die student moet vandag hard en toegewyd studeer; die visserman moet die koue, vroeg- en laat ure trotseer om sukses te behaal. So is ook die lewe in die geloof met Jesus Christus iets werklik wat elkeen vandag, in die hede, met oorgawe en toewyding moet beoefen.

"Jesus voeg vanaf vers 25 tot 27 die gelykenis by: 'Wanneer die eienaar van die huis opgestaan en die deur gesluit het, en julle begin buitekant te staan en aan die deur te klop en te sê: Here, Here, maak vir ons

oop - sal Hy antwoord en vir julle sê: Ek ken julle nie waar julle vandaan is nie. Dan sal julle begin sê: Ons het in u teenwoordigheid geëet en gedrink, en U het op ons strate geleer. En Hy sal sê: Ek sê vir julle, Ek ken julle nie waar julle vandaan is nie. Gaan weg van My, al julle werkers van die ongeregtigheid!’

“Dit is gebaseer op die waarheid van die innerlike hart. Hierdie mense wil in die toekomstige krisis veins dat hulle saam met Jesus was: hulle was in die kerk - so min of meer; hulle was in die kerkklas; hulle het aan die nagmaaltafel aangesit. Maar die Huisheer ken hulle nie. Hoekom nie?

“Hulle het nie die innerlike en opregte band met die Here gehad nie.

“Hulle het nie in Hom geglo nie.

“Hulle het nie ware gemeenskap met Hom gehad nie.

“Broers en Susters, die bevel: ‘stry hard om in te gaan’, plaas elke mens vierkantig voor Jesus. Jesus wat die nou poort is. Jesus wat die deur is. Hy staan in die middelpunt van jou lewe, óf jy staan buitekant die Koninkryk van God.

“Nie kerklidmaatskap, kerkklas of sakramente sonder geloofsoorgawe aan Jesus Christus nie, maar die innerlike band met Jesus, dit is wat van belang is.

“In Lukas 13 vers 3 sê Jesus: ‘Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom.’

“Daar moet ’n innerlike geloofsband met Jesus wees in jou lewe en werk, buite en binne die kerk.

“Ja, God vergewe en red. Wat dit betref is ons passief. Maar Hy roep jou en my ook om aktief te werk (Fil 2) en vandag en elke dag hard te stry om in te gaan deur die nou poort.

“Hy beveel ons om vas te hou aan sy reddingswerk in Jesus Christus.

“Om hard te stry om deur die nou poort in te gaan, is om uit die geloof te lewe; om die eiegeregtige eie Ek dood te maak - die eie Ek wat nie van genade wil lewe nie.

“Om hard te stry, is om elke dag op jou knieë erns te maak met die band van die geloof in die Here Jesus Christus.

“Broers en Susters, die geloof mag nie deur die sleur van die lewe verslap nie. Allerlei vae, kwessies, twyfel, teleurstellings en neerlae mag nie die band vandag verdof nie.

“Jesus Christus beveel uitdruklik: ‘Bly in My, soos Ek in julle.’ Hy is die poort na die goeie deel van die ommuurde stad. Stry hard om in te gaan deur die nou poort. Dit is die pad van bekering. Dit is die pad van daaglikse vernuwing en heiligmaking. Dit is die pad van elke dag se toewyding van ons lewe om eindelik onder die uitverkorenes vir die Ewige lewe, onbevlek voor en by God te staan.

“Amen.”

Kommentaar:

Indien iemand wat nog nie ’n Christen is nie, hierdie preek sou lees, sou hy of sy moontlik kon dink dat ’n lang en komplekse verhouding met Jesus Christus nodig is om gered te word. Dit is nie die geval nie.

Die misdadiger wat langs Jesus Christus gekruisig is, het nét vóór sy dood tot bekering gekom en Jesus Christus as Verlosser aangeneem. Hy is gered. Jesus het vir hom gesê: “Voorwaar, Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.” (Luk 23:43)

Verder vereis Jesus Christus nie ’n komplekse verhouding met Hom om gered te word nie. Inteendeel, Jesus Christus sê dat ’n eenvoudige geloof soos die van ’n kind, nodig is om gered te word. In Markus 10 vers 14 sê Jesus: “Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die Koninkryk van God.”

Dominee Bester verwys in hierdie preek na die Uitverkiesing.

Daar is diegene wat dink dat die Uitverkiesing ’n Gereformeerde leerstelling is. Dit is nie die geval nie. Die Gereformeerde uitgangspunt is *Sola Scriptura* - om te aanvaar wat in die Bybel geskryf is. Niks minder nie en niks meer nie.

Die Bybel verklaar ongetwyfeld dat daar ’n Uitverkiesing is. ’n Voorbeeld is Romeine 9 verse 11 tot 18, waar Jakob se uitverkiesing en Esau se verwerping beskryf word:

“Want toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie - dat die voorneme van God volgens die verkiesing kon bly staan, nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep - is vir haar gesê: Die oudste sal die jongste dien. Soos geskrywe is:<sup>1</sup> Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat. Wat sal ons dan sê? Is daar miskien onreg by God? Nee, stellig nie! Want aan Moses sê Hy: Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm. So hang dit nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is. Want die Skrif sê aan Farao: Juis hiervoor het Ek jou laat optree, dat Ek in jou my krag kan toon en dat my Naam verkondig kan word op die hele aarde. So is Hy dan barmhartig oor wie Hy wil en Hy verhard wie Hy wil.”

Exodus 33 vers 19:

“... maar Ek sal genadig wees vir wie Ek genadig wil wees, en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm.”

Markus 13 vers 20:

“En as die Here dié dae nie verkort het nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die **uitverkorenes** wat Hy **uitverkies** het, het Hy dié dae verkort.”

Johannes 6 vers 37:

“**Al wat die Vader My gee**, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie.”

Johannes 17 vers 2:

“... soos U (God) Hom (Jesus Christus) mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan **almal wat U Hom gegee het**, die ewige lewe kan gee.”

Johannes 10 verse 27 tot 30:

“My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My. En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. **My Vader wat hulle aan**

---

<sup>1</sup> In Maleági 1 verse 2 en 3.



**My gegee het**, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie. Ek en die Vader is een.”

Romeine 11 verse 5 tot 7:

“Net so is daar dan ook in die teenwoordige tyd ’n oorblyfsel, ooreenkomstig die **verkiesing** van die genade. En as dit deur genade is, dan is dit nie meer uit die werke nie; anders is die genade geen genade meer nie. En as dit uit die werke is, dan is dit nie meer genade nie ... Wat dan? Wat Israel soek,<sup>2</sup> dit het hy nie verkry nie; maar die **uitverkorenes** het dit verkry en die ander is verhard.”

1 Petrus 2 vers 9:

“Maar julle is ’n **uitverkore geslag**, ’n koninklike priesterdom, ’n heilige volk, ’n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig ...”

Openbaring 17 vers 14:

“Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin - want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings - en die wat saam met Hom is, geroepe en **uitverkore** en getrou.”

Daar is nog tientalle ander verwysings na die Uitverkorenes van God in die Bybel.

Hierteenoor is daar vele denominasies wat dink dat God se Uitverkiesing onregverdig en onaantvaarbaar is. Gevolglik verwerp hulle die Uitverkiesing, laat dit uit hulle doktrines uit, of herdefinieer dit.

Die Gereformeerde uitgangspunt is dat ons alles aanvaar wat in die Bybel staan - wat die Uitverkiesing insluit. Die Uitverkiesing is nie ’n Gereformeerde leerstelling nie, maar ’n aanvaarding daarvan omdat dit duidelik, ondubbelsinnig en onteenseglik deel uitmaak van die ware Evangelie - of die mens daarvan hou of nie.

---

<sup>2</sup> Die Jode het Jesus Christus verwerp en dink dat hulle saligheid deur goeie werke kan bekom.

Wie ookal die Evangelie verander om by hulle menslike oorwegings in te pas, is besig om die Evangelie te vervals.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat God se uitverkorenes gered sal word. Beteken dit dat God die ander mense geskep het met die spesifieke doel om hulle verlore te laat gaan sonder enige kans op redding? Om duidelikheid hieroor te kry, is die volgende van belang:

God het die mens met 'n vrye wil geskep om tussen goed en kwaad te kies.

Alle mense, vanuit hulle sondige natuur, verwerp en haat God. Dit geld ook vir die uitverkorenes, voordat hulle tot bekering gekom het. In Romeine 8 vers 7 is geskryf:

“... omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is: want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.”

Dit word ondersteun deur Romeine 3 verse 10, 20 en 23; 1 Johannes 1 verse 8 en 10; Efésiërs 2 vers 3; Titus 3 vers 3; Genesis 6 vers 5; Genesis 8 vers 21; Jeremia 17 vers 9; en Romeine 7 vers 23.

Hierdie verwysings kom uit die Heidelbergse Kategismus, Sondag 2, Vraag 5:

“Kan jy dit alles (die tien gebooie) ten volle onderhou?

“Nee; want ek is van nature geneig om God en my naaste te haat.”

Ook die uitverkorenes sou verlore gewees het as God hulle nie na Hom toe getrek het nie. In Johannes 6 vers 44 sê Jesus Christus:

“Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.”

En wat van diegene wat nie uitverkore is nie? Het God hulle geskep sonder toegang tot Jesus Christus se verlossende genade, sodat hulle verlore kan gaan?

In Johannes 3 vers 16 sê Jesus Christus:

“Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.”

In Johannes 6 vers 37 sê Jesus Christus:

“... Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie.”

Dit beteken dat indien iemand wat nie uitverkore is nie, Jesus Christus as sy Verlosser sou begeer en aanneem, hy gered sal word.

Hierteenoor sal dié wat nie uitverkore is nie, dit nie doen nie, omdat hulle uit vrye wil niks met God en Jesus Christus te doen wil hê nie. Die persoon wat nie uitverkore is nie, gaan verlore nie omdat God hom daartoe bestem het nie, maar omdat hy God uit eie vrye wil en keuse, minag, verwerp en haat - terwyl Jesus Christus se verlossing ook vir hom beskikbaar is.

Aangesien God almagtig is, kan hy ook diegene wat Hom haat, gebruik om sy wil te volbring. 'n Voorbeeld is Farao, soos hierbo aangehaal. Nog 'n voorbeeld is die *New Age* Beweging, wat in hul strewe vir sataniese wêreldbeheer in werklikheid besig is om God se plan uit te voer, soos blyk uit die boek Openbaring.

As God almal red wat Hy uitverkies het, hoekom moet ons daarvoor stry? Is hierdie bevel deel van God se uitverkiesing van mense wat steeds 'n vrye wil het en vermaan moet word dat 'n intieme verhouding met Jesus Christus en God nodig is om gered te word?